2016/12/05
07:58 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2016/12/05	DATUM 2016/12/02			+ - WEEK GELEDE 2016/11/28		+ - MAAND GELEDE 2016/11/07		+ - JAAR GELEDE 2015/12/07	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	53.90	0.63	1.2%	53.27	10.2%	48.89	16.6%	46.23	31.6%	40.96
US$: ? ZAR	13.86	-0.250	-1.8%	14.11	0.7%	13.77	3.1%	13.44	-4.5%	14.52
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,838.80	-72	-3.8%	R 1,910.85	* CBOT Dec sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,970.87	-93	-4.5%	R 2,063.45	*CBOT Dec sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 5,230.18	-100	-1.9%	R 5,329.70	*CBOT Jan sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Soy Jan +-12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Spot	337.00	-7.00	-2.0%	344.00	-3%	348.50	-3%	346.25	-10%	373.00
Wheat Spot	387.00	-11.00	-2.8%	398.00	-1%	389.50	-6%	410.00	-20%	482.75
Soybean Spot	1027.00	-1.00	-0.1%	1028.00	-3%	1056.00	4%	989.25	16%	882.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM SPOT	3300	-270	-7.6%	3570	-8%	3570	-3.5%	3420	2%	3230
WMAZ SPOT	4186	210	5.3%	3976	5%	3999	18.6%	3529	17.6%	3560
YMAZ SPOT	3245	55	1.7%	3190	-1%	3269	3.6%	3132	-6.2%	3461
SOY 50 SPOT	6570	60	0.9%	6510	1%	6510	5.5%	6230	8.0%	6081
SUN SPOT	5950	176	3.0%	5774	2%	5830	-3%	6141	-16%	7055
WHEAT SPOT	3900	-10	-0.3%	3910	0%	3915	-1%	3928	-16%	4664
OLIESADE	2016/12/02	Bron: Oilworld			2016/11/25		Feb 2016		Maart 2015	
Soya-oil, Arg.	839				1%	829	24%	677	24%	676
Soya-pell, Arg.	348				1%	346	15%	302	-5%	368
Soybean, Brazil	424				0%	426	16%	367	3%	410
USA Runner 40/50	1600				0%	1600	39%	1150	23%	1300
Sun-oil, Arg.	765				-1%	770	2%	748	-4%	800
Sun-oil, Black Sea	780				2%	765	-1%	785	4%	750
Sunseed,Black Sea	400				-1%	405	-2%	408	-2%	409
Rapeseed, EU cif	440				2%	430	11%	395	10%	399
Palmk oil Mal, EU	1610				6%	1520	63%	988	55%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Mark: Die rand verhandel vanoggend teen R13.86/$ en het weer skerp versterk nadat daar baie onsekerheid in die mark was einde verlede week voor gradering agentskap S&P hul kredietgradering vir SA Vrydag bekend gemaak het. S&P het die Suid Afrikaanse kredietgradering onveranderd gelaat net bo rommelstatus, maar het wel die Suid Afrikaanse wisselkoers gradering afwaarts aangepas vanaf BBB+ tot BBB. Dit is hoofsaaklik omdat die begrotingstekort nie verminder het in die medium-termyn begroting nie. Nie een van die graderingsagentskappe het SA afgradeer nie, maar het wel 'n sterk boodskap uitgestuur na SA om die huidige politieke onsekerhede op te los en ook om ekonomiese groei te kry.

Sojabone: Die VSA sojaboonuitvoere vorder steeds goed en die uitvoere vir die seisoen tot op datum is steeds noemenswaardig hoër as die uitvoere van verlede seisoen. Dit is hoofsaaklik te danke aan die sterk globale vraag en verminderde kompetisie vanuit Suid Amerika. Die verwagtinge dat die Brasiliaanse sojabone moontlik alreeds vroeg in 2017 gestroop kan word, behoort die komende paar weke druk op die VSA uitvoere te plaas. Die VSA sojaboon persings neem ook toe en is 3% jaar-op-jaar hoër en het November rekordvlakke bereik. Die sojaboon produksievordering in Brasilië lyk gunstig en beter as 'n jaar gelede, wat ook die verwagtinge van 'n goeie en vroeë seisoen in Brasilië steun. In Argentinië is daar steeds bekommernisse as gevolg van die ongunstige weertoestande en die droë weer in die somergewas saaigebiede. Tenminste 40% van die aangeplante Argentynse sojabone is in droogte streke wat ongunstig is vir ontkieming en in sommige streke moes die produsente reeds oorplant. Sojaboon invoere in China het skerp toegeneem in November, wat amper alleenlik as gevolg van die groter verskepings vanaf die VSA is die laer verskepings vanuit Suid Amerika uitkanselleer. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboon pryse het aanvanklik sywaarts verhandel verlede week, maar het Vrydag sterker verhandel en die week dus sterker afgesluit. Die sojaboonpryse word grootliks deur die internasionale faktore beïnvloed asook deur die wisselkoers. Die plaaslike persmarges is steeds onder druk, maar teen kleiner marges as wat vroeër in die seisoen gesien was. Die aanplantings van sojabone vir die seisoen het goed gevorder tot dusver veral meer aan die ooste kant van die land waar die meeste van die sojabone plaaslik verbou word.

Sonneblom Saad: Die sonneblom saad en sonneblom olie uitvoere vanaf Rusland en die Oekraïene is noemenswaardig bo die vlakke wat laasjaar gesien was. Die produksie vir die seisoen behoort ook waarskynlik hoër aangepas te word as die rekordvlakke wat reeds verwag word. Ten spyte van die beter uitvoere vanaf die twee lande is die pryse steeds gunstig vir internasionale kopers om aan te koop. Die sonneblom stropery in die Oekraïene is alreeds grootliks voltooi, met die produksie wat om en by 1.6 miljoen ton meer as verlede seisoen behoort te wees. Die stropery in Rusland op 91% voltooi geskat word. Dit is stadiger as die 95% van verlede seisoen hierdie tyd. Die opbrengste wat in Rusland gerapporteer word lyk goed en die gemiddelde opbrengs word verag om ± 9% hoër te wees as verlede jaar. Die droë weer in Argentinië kan ook moontlik probleme veroorsaak met die sonneblomme wat daar geproduseer word. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblompryse het gemeng verhandel verlede week, maar het Vrydag sterker verhandel en dis die week hoër afgesluit. Die sonneblom aanplantings tot dusver vorder goed veral in die oos Vrystaat. Die aanplantings in die westelike dele van die land kan aansienlik later plaasvind en die plantvenster in die Westelike dele is langer.

Canola: Die Kanadese canola verspreidings het tot rekordvlakke van 6.3 – 6.5 miljoen ton geklim gedurende Augustus tot November 2016. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die toename in die Kanadese uitvoere asook persings plaaslik. Die persings van canola en raapsaad het nuwe maandelikse hoogtepunte van 195 000 ton in Oktober bereik wat meer as dubbeld die volumes van verlede jaar is. Die persings wat vanaf die aanvang van die 2016/17 seisoen plaasgevind het tot op datum is 729 000 ton. Dit is aansienlik hoër as die 540 000 ton van verlede seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike canola produksie vooruitsigte vir die seisoen is hoër 3.1% aangepas in die NOK se 4de produksieskatting vir wintergrane. Die verwagte oes is tans 112 260 ton.

Grondbone: Grondboon voorrade in Argentinië is steeds 'n probleem met baie van die verwerkers wat nie hulle kontrakte kan vol lewer nie. Die afgelope seisoen was geoormerk as 'n moeilike seisoen in Argentinië wat grondbone betref. Ongunstige weeromstandighede het die stroopproses vertraag en ook kwantiteit sowel as kwaliteitsprobleme veroorsaak in die Argentynse oes. Die grondboonproduksies in die VSA lyk tans ook nie so gunstig nie en daar is ook vrese dat daar kwaliteitsprobleme kan ontstaan. In China is die grondboonpryse besig om toe te neem met die aankope van olieperse wat aan die toeneem is. **Plaaslik:** Die grondboonaanplantings lyk gunstig vir die seisoen tot dusver en vorder goed. Die grondbone wat reeds aangeplant is se kondisie lyk goed en indien die weer gunstig is deur die seisoen kan moontlike goeie opbrengste verwag word.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.